Pretoria- 4 Augustus 2013

Skriflesing: Psalm 33:10-11; Judas 1:1-4
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 15**
Teks: Psalm 33:10-11, Judas: 3b-4
Sing- Ps. 89:11,14; Ps. 74:1,11,12; Ps. 62:1,7

Psalm 33:1-22

Psa 33:1 o Regverdiges, jubel in die HERE! 'n Loflied betaam die opregtes.
Psa 33:2 Loof die HERE met die siter; psalmsing tot sy eer met die tiensnarige harp.
Psa 33:3 Sing tot sy eer 'n nuwe lied; speel goed met trompetgeklank.
Psa 33:4 Want die woord van die HERE is reg, en al sy werk is met trou.
Psa 33:5 Hy het geregtigheid en reg lief; die aarde is vol van die goedertierenheid van die HERE.
Psa 33:6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër.
Psa 33:7 Hy versamel die waters van die see soos 'n hoop; Hy bêre die wêreldvloede weg in skatkamers.
Psa 33:8 Laat die hele aarde vir die HERE vrees; laat al die bewoners van die wêreld vir Hom bedug wees;
Psa 33:9 want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan.
Psa 33:10 Die HERE vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke.
Psa 33:11 Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag.
Psa 33:12 Welgeluksalig is die nasie wie se God die HERE is, die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het.
Psa 33:13 Die HERE kyk van die hemel af; Hy sien al die mensekinders.
Psa 33:14 Uit sy woonplek aanskou Hy al die bewoners van die aarde,
Psa 33:15 Hy wat die hart van hulle almal formeer, wat let op al hul werke.
Psa 33:16 'n Koning word nie verlos deur 'n groot leër, 'n held nie gered deur groot krag nie.
Psa 33:17 Die perd help niks vir die oorwinning en red nie deur sy groot krag nie.
Psa 33:18 Kyk, die oog van die HERE is op die wat Hom vrees, op die wat op sy goedertierenheid wag;
Psa 33:19 om hulle siel te red van die dood en hulle in die lewe te hou in hongersnood.
Psa 33:20 Ons siel wag op die HERE; Hy is ons hulp en ons skild;
Psa 33:21 want ons hart is bly in Hom, omdat ons op sy heilige Naam vertrou.
Psa 33:22 Laat u goedertierenheid, HERE, oor ons wees net soos ons op U wag!

Judas 1:1-4

Jud 1:1 Judas, 'n dienskneg van Jesus Christus en broer van Jakobus, aan die wat geroep, in God die Vader geheilig en vir Jesus Christus bewaar is:
Jud 1:2 Mag barmhartigheid en vrede en liefde vir julle vermenigvuldig word!
Jud 1:3 Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.
Jud 1:4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën.

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 15.

Hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges, dit wil sê die heiliges, en van die sekerheid daaroor, het God tot eer van sy Naam en tot troos van die gelowiges uitvoerig in sy Woord geopenbaar en in die harte van die gelowiges ingeprent. Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig. God sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms doen. Teen God kan geen beplanning stand hou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid tot in ewigheid. Amen

Skriflesing: Psalm 33:10-11; Judas 1:1-4
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 15**
Teks: Psalm 33:10-11, Judas: 3b-4
Sing- Ps. 89:11,14; Ps. 74:1,11,12; Ps. 62:1,7

Broeder en suster, ons het gekom aan die einde van die reeks uit die Dordtse Leerreëls. Vir 34 Sondae het ons hierdie besondere belydenis voor oë gehad. Veral het ons in die laaste hoofstuk keer op keer gehoor, dat ons kan volhard, ons kan seker wees dat God ons nie sal los nie. Die Dordtse Leerreëls sê dat die leer van die volharding en ons sekerheid dat ons kan volhard, uitvoerig in die Woord van God geskryf staan. Dit is ons harte ingeprent. Tot God se eer en tot ons sekerheid.

Ja, daar is so baie teksgedeeltes wat ons vanoggend kon aanhaal dat God ons in alles sal vashou Ps. 125:1- *Die wat op die HERE vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid.* Ps. 37:23-24 *Deur die HERE word die gange van 'n man bevestig, en Hy het 'n welbehae in sy weg* ***24*** *As hy val, dan stort hy nie neer nie; want die HERE ondersteun sy hand.* Ps. 138:7-8 ***7*** *As ek te midde van benoudheid wandel, behou U my in die lewe; U steek u hand uit teen die toorn van my vyande, en u regterhand verlos my.****8*** *Die HERE sal dit vir my voleindig! U goedertierenheid, HERE, is tot in ewigheid: laat nie vaar die werke van u hande nie!* Jer. 32:38-40: ***38*** *En hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees.* ***39*** *En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders ná hulle.* ***40*** *En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie.* Ons kan in die Nuwe Testament ook kyk na Lukas 22:31-32: ***31*** *En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. 1Pet 5:8;* ***32*** *Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.* Rom.8:38-39: ***38*** *Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge* ***39*** *of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

Ons kan vanuit al die gedeeltes dit bevestig dat die leer van die volharding soos 'n skat bewaar moet word. Ons kan weet so duidelik soos wat dit in die Here se Woord opgeteken staan so word dit ook in ons harte opgeskryf. Dieselfde Heilige Gees wat daarvoor gesorg het dat dit op die bladsye van God se Woord geskryf moet staan het dit ook op die harte van God se kinders ingeprent. Dit kan daarom met sekerheid bely word. Ons belydenis het hiermee

eintlik 'n tweeledige doel. Eerstens word die heerlikheid van die Here vooropgestel. Tweedens beteken dit vir ons as gelowiges as 'n ryke troos om te weet God se kinders kan val en hard val maar hulle kan nooit uitval nie. Op die lange geloofspad wat die Here se kinders moet loop, die moeilikhede wat mens moet oorkom, steil gebergtes wat in die geloof oorkom moet word, donker valleie wat die gelowige moet deurgaan, in dit alles is dit 'n ryke troos dat al kom die duiwel met die verskriklikste aanvegtinge wat daar kan wees, is dit 'n onuitspreeklike troos om te mag weet al gebeur wat met m, in die geloof sal ons staande kan bly… ons sal kan volhard.

***

Geliefdes, dit wat ons hier vir mekaar sê, die duiwel kan dit nie verdra nie. Die duiwel haat dit en bestry dit. Die grootste rede waarom Satan so teen hierdie leer gekant is, is omdat dit in alles God-gesentreerd is. Dit is wat Rom 11:36 bevestig- ***36*** *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid.* Daar is geen manier wat God sal toelaat dat dié wat aan Hom behoort, uit sy hande geruk sal word nie.

Deur die sondeval het satan gedink hy kry die mens aan sy kant. Maar wat gebeur? Terwyl God alle mense in hul verlorenheid moes laat, verkies Hy vir Homself 'n bruid en gee Sy Seun om hulle te red. Hy vernuwe hulle deur Sy Gees en bewaar hulle sodat Hy Sy doel bereik. Dis iets wat satan intens haat. Daarom span hy hom in om die aandag van God weg te lei en dit op die mens te plaas. Hy probeer om die mens in die sentrum te stel. Hy kan nie verhoed dat die Evangelie gepreek word nie, maar hy wil dat 'n "evangelie" gepreek word waar die mens eer ontvang.

Dit is die hartklop van alle dwalinge. Waar die mens 'n medewerker van God word. So klink die "evangelie" van die duiwel deur die eeue. Die mensdom hou daarvan, want die mens wil graag 'n bietjie eer ontvang. Ons wil mos almal ons eie baas wees, oor ons eie lewe en toekoms besluit? Maar dis 'n leuen waarmee satan probeer om ons te mislei. Soos hy dit reeds in die paradys gedoen het.

Die paradys leuen van Satan verlei so baie mense. Die paradys leuen waar Satan die mens oortuig het … *Jy sal soos God wees.* Jy kan en mag en sal oor jou eie toekoms besluit. Jy is jou eie heer en meester. Daarmee vermoor hy mense se siele. So is die duiwel nog altyd 'n mensemoordenaar. Ons lees in Joh.8:44- ***44*** *Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in*

die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan

***

Die satan, deur die Remonstrante, haat byvoorbeeld die waarheid van die volharding van die gelowiges. Hy kan dit nie hanteer wanneer 'n kind van God, wat in sonde geval het, deur God uitgered word nie. Hierin word hy ondersteun deur die ongelowige wêreld wat die gereformeerde geloof bespot en verkleineer: "Julle met julle danige 'afhanklikheid' van God. Julle met jul leer van die soewereiniteit van God en van sy bewaring.

Kyk maar na die praktyk van die lewe. Kyk maar na die korrupsie, die kapings, die moorde, die verwarring, die onsekerheid ook onder mense wat hulleself christene noem. Wat sien ons van die soewereine God wat sy kinders verlos en bewaar? Moet ons nie eerder praat van die soewereine mens wat sy eie toekoms moet maak nie? As ons onsself nie red, wat sal dan van ons word? God help die wat hulleself help…" By die wêreld moet die mens homself red. Die mens is sy eie heer en meester.

***

Die gesonde leer word ook deur dwaalleraars bestry. Luister maar weer na die inleidings verse op die Judas-brief. Hierdie broer van Jesus, 'n jonger seun van Maria en Josef hy het met 'n ander intensie die kort briefie begin skryf, hy wou dalk eerder oor baie meer aangename en mooi dinge skryf, oor hulle gemeenskaplike saligheid, maar besef hy baie gou die gevaar van wat besig is om te gebeur. Dwaalleraars loop rond. Hulle is baie en hulle is gemaklik onder ons mense. Hulle word graag na geluister. Hulle maak met min moeite groot indrukke op mense. Die hele bestaan van die Dordtse Leerreëls, dit waarmee ons vandag hier afsluit, kan op 'n sekere manier aan net hierdie paar verse van Judas gekoppel word- die jonger broer van die Here praat openhartig, hy wat self aanvanklik nie in sy Broer, in Jesus Christus geglo het nie... *ek (het) die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.* ***4*** *Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën.*

Ja, dit wat Judas sê het nog nooit opgehou nie. Valse profete, moderne teoloë en liberale christene sluit hulle aan by die wêreld in hul bestryding van die hart van die evangelie: GOD SE VRYE GENADE. Dit is vir die moderne mens 'n ongeloofwaardige en 'n onuithoudbare

leer. So ook vir die modernistiese teoloog. Dit word ervaar as 'n vernedering en 'n belediging van die mens. Hier het ons te make met humanisme in die teologie, op die preekstoele, en in die kerke.

***

Dit is presies soos die Dordtse Leerreëls dit stel- **Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit.** Dit waarmee die wêreld so mee kan mors, dit is vir ons die kosbaarste skat. Ons besef as gelowiges dat om 'n gelowige te wees is altyd om 'n stryd te stry. Ja, die wêreld ken soveel stryd maar die kerk van die Here midde-in hierdie wêreld het nog 'n groter stryd. Die stryd tussen lig en donker, tussen waarheid en leuen, tussen God en satan, tussen Christus en die antichris.

Daarom dat die leer van die uitverkiesing vir ons so kosbaar en van groot waarde moet wees. Ja, alleen omdat ons hierdie leer het kan ons volhard. Die leer oor ons volharding kan alleen wees omdat daar 'n leer oor die uitverkiesing bestaan. Sonder die uitverkiesing sou dit nie moontlik gewees het om te volhard nie. Dit wat altyd maar weer gevra moet word. Is ons redding van God afhanklik of is dit van ons afhanklik? Of soos wat party sal sê God en mens is ewe veel betrokke. God se genade en ons prestasie?! Dit kan ons maar weer en weer hoor, broeder en suster, dit is net God alleen, die genade van God alleen, alleen God wat die eer moet kry dat daar geredde kinders van Hom kan wees. Hy het sy kinders in sy hand. Dit wat God begin het, dit sal Hy klaarmaak. As dit nie daarvoor was nie sou hier nie al vir langer as 150 jaar eredienste op hierdie plek gehou gewees het nie.

Die feit dat ons as gemeente al vir geslagte en geslagte hier kerk van die Here kan wees is 'n teken dat hier gelowiges nog altyd was wat kon volhard. Maar dit is geen mens wat hier kan roem nie. Geen mens kan roem in sy volharding nie, dit is net God wat geëer kan word. Wat ons ontvang het, is alles net genade. Die Here wat onuitspreeklik goed is, het ons bewaar. Het sy gevalle kinders weer opgetel. Het hierdie gemeente tye in ons geskiedenis laat beleef wat baie swaar was, iets van 'n swaar tyd is vir ons wéér hier, maar God wat altyd ons nog weer opgetel het, sal die gemeente staande hou. Sy onwrikbare trou en genade, sy wonderbare krag hou tye en geleenthede in sy hand. Dit het ons met ons reeks uit die eerste Thessalonicense brief aangegryp. Eintlik is daar soveel wat ons net die Here kan dank. Dit wat die Here hier gedoen het en dit wat Hy nou nog hier doen.

Mag dit vir u duidelik wees, geliefdes, ja die Dordtse Leerreëls gebruik die woord **ingeprent,** mag dit ons ingeprent word wat ons ons Psalm 33 vers 11 ook gelees het-

11 *Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag.*

Met hierdie leer moet ons omgaan solank as wat ons nog kerk van die Here hier mag wees. Ons het geen waarborg dat hierdie gemeente vir altyd en altyd sal bestaan nie, maar ons het wel 'n waarborg dat daar vir altyd en altyd 'n kerk van die Here en vir die Here sal wees. Daar sal altyd 'n bruis van Christus wees. Dwarsdeur die eeue het Christus Sy ware kerk in stand gehou deur die ware geloof.

***

Ons mag nie die ware leer verswyg net omdat baie mense daarmee verskil nie. God het ons in vertroue geneem. Hy het sy verlossingswerk aan ons bekend gemaak. Soos ons dit bely het: **Hierdie leer het God tot eer van sy Naam en tot troos van die gelowiges uitvoerig in sy Woord geopenbaar.** Mag ons dan die gesonde leer verswyg? Hy het ons tog in Sy vertroue geneem. Hoe kan ons dan maak asof Sy waarheid onbekend is? Ons moet die ware leer verdedig, want dit gaan oor die eer van sy Naam. Ons moet die Here die eer gee wat Hom alleen toekom. Daarom het ons bely, in besonder vandag- **Die bruid van Christus het die leer egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig.** Die bruid van Christus. Dit is u en ek wat uit genade leef. Die uitdrukking wys op 'n liefdesverhouding. Christus is die Bruidegom. Sy liefde het ons gesoek, sy bloed het ons gekoop. Ons mag sy bruid wees, die voorwerp van sy besondere liefde. Alles wat ek is, het ek aan sy verlossingswerk te danke. Daaragter sien ek die liefde van die Vader wat hierdie plan uitgedink het. Die drie-enige God staan daaragter. Verlede, hede en toekoms lê in sy hande. Alles die Drie-Enige God se werk. Hy wat satan beloof het Hy sal hom die kop vermorsel. Die moederbelofte is gestand gehou. God breek nie sy beloftes nie. Dit moet ons hier aan die einde van die belydenispreke uit die Dordtse Leerreëls aanmekaar vir onsself uitmaak.

Neem God maar elke keer op sy Woord. Al voel jy dalk alleen. Elia het gedink hy is alleen met volharding besig, min het hy geweet daar in die sware tyd en stryd wat hy beleef, is daar 7000 ander wat nie die knieë voor Baäl gebuig het nie en hy het dit nie geweet nie, maar God weet dit. Die Baäls van ons tyd is dit wat mense as hulle redding voorhou, humanisme, selfverwesenliking, selfhandhawing, menseregte, woorde waarvan die intensie nie op sigself die kwaad wil soek nie, maar so baie keer loop dit op die kwaad uit.

Wanneer die goeie leer van die Dordtse Leerreëls u ingeprent is, broeder en suster, wat ons hoop in hierdie reeks weer kon plaasvind dan kan u die hartklop van die evangelie hoor. Hier word die vensters op die ewige toekoms geopen. God is alles. Christus staan sentraal. Die verlossing is radikaal en volkome. Dit is die geheim van ons lewe as bruid. Daarom het ons hierdie leer so innig lief. As bruid sou ons dit vir niks in die wêreld verruil nie. Daarsonder sou ons nie as bruid kan lewe nie. Daarom het die ware bruid hierdie leer ook volhardend verdedig. Dis vir haar alles werd.

Die Here sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms sal aanhou liefhê en verdedig. Hy sal vir homself 'n volk behou wat Hom en sy Woord liefhet. Die haat en teëstand teen hierdie leer kan *hoe* groot wees. Tewens, dit neem eerder toe. Maar *God sal die waarheid handhaaf.* Teen God kan geen planne standhou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. In stryd en nood sal Hy volharding gee. Volharding in *die* geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Die oorwinning lê mos vas in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

So eindig die Dordtse Leerreëls met die lofprysing: Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid tot in ewigheid. Nie aan ons, o troue God, aan u Naam alleen gee eer! Uit u, deur u en tot is mos alle dinge. U het mos al u besluite geneem en u verrig al u werke tot lof van u heerlikheid (Ef 1). Laat ons dan met die ware kerk van alle plekke en tye die loflied ophef tot eer van hierdie drie-enige God. Vir sy onbeskryflike liefde en sy volkome verlossing. Ons belydenis eindig in 'n loflied. *Alles is uit Hom, deur Hom en tot Hom.* Daarom ook: *Syne* is die heerlikheid tot in ewigheid (Rom. 11:36). Dis een groot loflied op God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

AMEN

Paragraaf 15